# Brokkies & Snippets

**Nuusbrief / Newsletter** 2026/05

**Belangrike Telnrs. / Important Tel. Nos.**

*Ambulans, Brand / Ambulance, Fire*
086 010 1214

*Instandhouding (na-ure noodnr.) / Maintenance (after hours emergency no.)*
076 493 9475

*Sekuriteit / Security*
9911
060 711 3315

**Mediese noodgevalle / Medical emergencies:**

*Sorgeenheid (na-ure) / Frail Care (after hours)*
2009 / 2010
010 007 4154/5
071 568 1450

*Oordverpleegster (Maandag—Vrydag) / Village Nurse (Monday—Friday) 08:00—16:00*
2012
065 595 5505

*Maatskaplike Werker / Social Worker*
2013

*Ontvangs / Reception*
2000 / 2001
010 007 4160

*Kombuis / Kitchen*
2003 / 2004
*(WhatsApp: 074 952 1515 — nie op Donderdae of Saterdae nie / not on Thursdays or Saturdays)*

*Haarsalon / Hair Salon*
2006
081 515 9115

*Skoonheidsalon / Beauty Salon*
2007

*Kiosk*
2005

*Wassery / Laundry*
9913

Oordbestuurder / Estate Manager
2002

## Mother's Day / Moedersdag
## 10 May / 10 Mei






# Stand van Bronberg Aftreelandgoed se finansies aan die einde van die 2025/2026 finansiële jaar

**1. INLEIDING**

1.1 Tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV), het lede van die Huiseienaarsvereniging goedkeuring verleen vir die aanvaarding van die hersiene begrotings (geskatte inkomste en uitgawes) vir die 2025/2026 finansiële jaar.

1.2 Hierdie hersiene begroting (administratief en operasioneel) is dan ook soos in die verlede, ooreenkomstig portefeuljes van die Raad van Direkteure, opgestel en geïmplementeer.

**2. ONGEOUDITEERDE WERKLIKE INKOMSTE EN UITGAWES (ADMINISTRATIEWE BEGROTING) T.O.V. DIE 2025/2026 FINANSIËLE JAAR**

2.1 Die werklike inkomste en uitgawes teenoor begrote inkomste en uitgawes t.o.v. die boekjaar word gereflekteer in die onderstaande tabel:

| | **BEGROTING** | **WERKLIK** | **AFWYKING** |
|---|---|---|---|
| **PORTEFEULJE /ITEM** | **R** | **R** | **R** |
| **TOTALE INKOMSTE** | **24 422 212** | **24 468 981** | **46 769** |
| Normale heffings | 17 224 112 | 17 224 112 | 0 |
| Kombuisheffings | 2 234 400 | 2 234 400 | 0 |
| Renteverdienste | 170 306 | 168 086 | (2 220) |
| Ander inkomste | 127 489 | 133 739 | 6 250 |
| Verhalings | *4 665 905* | 4 708 644 | 42 739 |
| **TOTALE UITGAWES** | **24 378 212** | **24 760 588** | **(382 376)** |
| Administratief en operasioneel | 5 552 856 | 5 537 978 | 14 878 |
| Munisipale dienste | 7 488 075 | 7 894 109 | (406 034) |
| Fasiliteite en infrastruktuur | 965 816 | 1 014 634 | (48 818) |
| Kombuisdienste | 2 277 736 | 2 278 494 | (758) |
| Sorgsentrum (Frail care) | 25 500 | 8 303 | 17 197 |
| Dienssentrum | 968 468 | 959 965 | 8 503 |
| Sekuriteit en beroepsveiligheid | 3 646 681 | 3 626 800 | 19 881 |
| Mediese en welsynsdienste | 1 338 675 | 1 331 775 | 6 900 |
| Tuine | 1 989 713 | 1 986 924 | 2 789 |
| Natuurareas | 31 500 | 30 803 | 697 |
| Sosiale en kommunikasiedienste | 93 192 | 90 803 | 2 389 |
| **SURPLUS/(TEKORT)** | **44 000** | **(291 607)** | **(335 607)** |

2.2 Hieronder volg enkele notas met betrekking tot die bostaande tabel:

**INKOMSTE – R46 769 gunstige afwyking**

Hierdie afwyking is hoofsaaklik te danke aan meer as begrote verhalings uit die verkoop van elektrisiteit as waarvoor begroot is.

# Stand van Bronberg Aftreelandgoed se finansies aan die einde van die 2025/2026 finansiële jaar (Vervolg)

**UITGAWES – R406 034 oorbesteding**

Hierdie oorbesteding lê hoofsaaklik by ons munisipale dienste, spesifiek water en sanitasie. Ons waterverbruik het skielik die hoogte in geskiet vanweë twee groot waterlekke. Die water het ondergronds gelek en is eers na die aanstelling van 'n kundige kontrakteur opgespoor en herstel.

Daar is ook R48 818 oorbestee op fasiliteite en infrastruktuur. Hierdie ongunstige afwyking hou ook verband met die waterprobleem, naamlik die koste van opsporing en herstel daarvan.

Daar is geen ander noemenswaardige afwykings nie. Die somtotaal van die ander afwykings wat hoofsaaklik gunstige afwykings was, het die impak van die waterplobleme ietwat teengewerk, met die gevolg dat ons uiteindelike tekort R291 607 beloop het – R335 607 swakker as die surplus van R44 000 waarvoor begroot was.

**ENKELE ANDER OPMERKINGS**

Wat ons balansstaat betref, het Bronberg se ekwiteite met R523 944 toegeneem tot R14 812 588. Dit is ten spyte van die operasionele tekort vir die jaar en die feit dat ons 'n defekte transformator teen 'n koste van R221 841 uit ons reserwefonds vervang het. Ons reserwefonds beloop R14 909 642 teenoor R14 094 090 die vorige jaar. Die verhoging is danksy heffings op verkope van eiendomme wat die begroting met R756 775 oorskry het.

Aan die einde van die boekjaar het ons R17 341 981 in die bank en op belegging gehad in vergelyking met die vorige jaar se bedrag van R16 919 577.

Ons het op jaareinde nie enige noemenswaardige uitstaande debiteure of krediteure gehad nie.

Ons kan dus dankbaar wees dat, ten spyte van terugslae soos die waterprobleem en die onklaar transformator, ons finansies nog gesond is.

*Gerrie Terblanche* *(3022)*
*Direkteur: Finansies*



## Lede van die Sosiale Komitee

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wilco Beukes (Voors.) | 3147 | Desirée Morgan | 3017 |
| George Pearson | 1121 | Riana Ackermann | 3225 |
| Elsa Ferreira | 3305 | Hanna Kotze | 1227 |
| Doulien Knopjes | 3082 | Jakkie Beukes | 3147 |
| Hester Naudé | 3053 | Rita Smit | 3269 |
| Christa Roux | 3231 | Anna du Plessis | 3230 |
| Hennie Ackermann | 3225 | Esther Smit | 3237 |
| Estelle Fölscher | 3198 | Johan Fölscher | 3198 |
| Jan de Beer | 3116 | Vivien van Niekerk | 1141 |
| Albert Jacobs | 1045 | Renier Jansen van Rensburg | 3138 |
| Lianné Jansen Van Rensburg | 3138 | Nakkie Watkins | 1129 |
| Mariana Stanbury | 3090 | | |

***Kontak gerus een van hulle as julle voorstelle wil maak of hulp wil aanbied by die Môremark***

## BOERIE ROLL BRAAI



## WORSBROODJIEBRAAI

**28 Mei 2026 - 17:00**

**Hall opens at 16:00 to set tables.**
**Arrive at 17:00 and socialize until the wors will be ready.**
**Bring your own plate, glasses, cutlery and drinks.**
*No plates, glasses or cutlery from the dining hall may be used.*

**IMPORTANT**

Please remember to bring your ticket with you.
No takeaway meals are allowed.

**Saal open 16:00 om tafels te dek.**
**Arriveer om 17:00 en kuier lekker saam tot die wors klaar gebraai is.**
Bring asb. jou eie bord, eetgerei, glas en drinkgoed.
*NB. Geen borde, glase of eetgerei mag van die eetsaal gebruik word nie.*


**BELANGRIK**

Onthou asb. om u kaartjie saam te bring na die braai.
Geen wegneem etes word toegelaat nie.



# Blokraai

[deur Lulu Fisher (3292) - Oplossing op bladsy 15]




**DWARS:**

1 Insek (11)
9 Inderdaad (3)
10 Een agste (3)
11 Veltoestand waarby vetpuisies voorkom (5)
12 Lang, plat sneeuskaats (5)
13 Vark (2)
16 Stellasie waarteen rankplante opgelei word om koelte te bied (6)
18 Stigter van Rome (5)
21 Seun van Adam (3)

**AF:**

2 Skiereiland in die suidooste van Mexiko (7)
3 Hond (7)
4 Dorp in Mpumalanga (6)
5 Verhandeling (5)
6 Dier (5)
7 Beskrywer van insekte (11)
8 Met gelykmatige snelheid (11)
14 Heuningsteen (7)
15 Droombeeld (7)
17 Liggaamsbeen (6)
19 Skuilnaam vir Afrikaanse skrywer (5)
20 Huidmondjie (5)

# Bingo!

BINGO! Die uitroep wat jy elke nou en dan hoor as jy naby die entoesiastiese deelnemers is!

As jy nie meer weet hoe om jou besig te hou nie en ander afleiding soek as TV kyk, lees of brei, kom kyk wat doen ons Vrydagmiddae 14:30 in die Speletjieskamer of die Eetsaal. Elke week is daar ook iets smaakliks om te eet! Jy hoef ook nie oor 'n skerp Wiskundige brein te beskik om te kan deelneem of te kan geniet nie! Die kaartjie wat jy kies het 24 syfers op. Die "Roeper" roep 'n nommer. As jy dit op jou kaart het, sit jy 'n merker daarop.

As jy so gelukkig is om eerste al jou nommers geroep te hê, roep jy *Bingo*! Die persoon wat die meeste "geBingo" het gedurende daardie spel, kom in aanmerking vir 'n prys! Ai, die opwinding! Kom probeer gerus!

Ons bedank ook die ARMS vir hulle bydrae en ondersteuning!

Bingo groete

*Desirée Morgan (3017)*



*Ons geniet heerlike mielies!*


# Bronberg Retirement Estate

AIDA ESTABLISHED 1958

Everything we touch turns to sold

PROPERTIES WANTED
THINKING OF SELLING?
GIVE ME A CALL!!




**Houses for Sale**

R2 200 000 - 2 Bed 2 Bath 1 Garage
R2 950 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar - Under Offer
R3 100 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar

**Apartments for Sale**

R 760 000 - 1 Bed 1 Bath 1 Carport
R1 260 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - (Ground floor)
R1 250 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport -


**Rentals**

R9 500pm - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - Rented




SCAN ME






Kobus Potgieter
082 854 1727
kobus@aidapta.co.za
Registered with the PPRA

# Memories of Six Days in The Emerald Isle (Part 3) (July – August 2006)

Continuing our trip in County Clare, our next stop was Galway. We took the scenic route still on the Wild Atlantic Way passing through the Burren landscape and the village of Kinvara.

We were not prepared for the sight which met our eyes – purple-coloured hills. From the road it looked like a painting – a stone wall between the road and the green fields on the other side, stretching to farm-houses in the distance and the purple–hued hills in the background. The Burren is a region in County Clare which derives its name from the Irish word which means "a rocky place" or "stony district". The Burren landscape consists of massive, cracked limestone pathways and underground cave systems formed by glacial erosion. Despite its barren appearance, the area supports an incredible mix of wildflowers including most of Ireland's orchid species and is the only place in the world where Arctic and Alpine plants grow beside Mediterranean plants. The plants grow within the cracks of the limestone pavement. The appearance of purple–coloured hills is caused by a blend of pale limestone rock, extensive lichen and rich biodiversity of violet–coloured flora that blooms among the grey stone. Both The Burren and the Cliffs of Moher are a designated UNESCO Global Geopark. We did not have time to go into the National Park but stopped to take photos of this unique scenery.



*The Burren*



*The Burren*

Keeping to the Wild Atlantic Way we reached Kinvara where we stopped to take a photo of Dunguaire Castle. We reached Galway around lunchtime and when we passed an ice cream parlour my fellow travellers decided that was lunch! We sat on a stone wall overlooking the harbour enjoying our ice-creams.

We had planned to stay over in Westport before heading back to Dublin the next day, opting for the scenic route. Leaving the city of Galway behind we were soon out in the country which had become more defined with its rural landscape of sheep grazing, bog lands, stone walls and small lakes, valleys, fields and hills of thirty shades of green. We passed farms that had piles of harvested peat bog. The mountains had also become dramatic.

We passed a big flock of sheep grazing in a field next to the road and slowed down to take photos of these woolly white animals. To our surprise the gate at the bottom of the field opened and the farmer came in with three sheep dogs. We had never before seen sheep being herded. What an amazing experience – the three dogs followed the farmer's commands and the sheep knew to obey! It was spectacular to see this big flock of sheep, one minute peacefully grazing and the next being herded in a formation down to the open gate by three border collies. No commotion and no shouting! It only took a few minutes to round up the sheep and herd them towards the gate.

The farm was a few kilometres outside Leenane. We had not planned a stop in the town but when we drove in we felt as if we were in another world. Such a quaint, picturesque village, nestled between mountains and facing Killary Harbour – which is Ireland's only fjord. We stopped in the village centre and what we thought was a café, was in fact a café combining an extensive wool shop, selling a wide range of Irish wool products, including blankets, garments and yarn. We were clearly in one of Ireland's major wool producing regions.

From Leenane, the road took us through the Doolough Valley to Louisburgh and then on to Westport. The

# Memories of Six Days in The Emerald Isle (Part 3) (Continued) (July – August 2006)



*Café in Leenane Connemare Sheep and Wool Centre*

Doolough Pass links Leenane and Louisburgh. The pass, although not steep, is a narrow winding road through mountainous terrain. The road was quiet and deserted, the mist coming over the mountains giving an eerie feeling. It felt as if we were alone in this forsaken valley. At the time we did not know about the tragic history of the valley. It is only now while writing this article that I discovered that the valley has a dark and sombre history.

On 30 March 1849 during the great famine, hundreds of needy inhabitants of Louisburgh set off on foot to Delphi Lodge (about 19 km away) to seek food from the authorities there. However, they were harshly rejected and forced to walk back through a terrible storm. Many perished from hunger, cold, and exhaustion in the Doolough Valley. At the northern end of the valley, right next to the road, a simple Celtic stone cross has been built in memory of the victims of the Doolough Tragedy, engraved with the words "Doolough Tragedy 1849". On the base of the cross are two plaques inscribed with quotes from Mahatma Gandhi and Archbishop Desmond Tutu. An annual walk is still held along this route in memory of residents who died during the famine and to highlight the starvation of the world's poor today. Desmond and Leah Tutu led the Memorial Walk in 1991.




*B&B Dun Mhuire*

We continued to Castlebar where we found a B&B on the outskirt of town. It had a very interesting name, Dun Mhuire, which we did not know how to pronounce. We were told that the name is frequently used in Ireland for houses or places with the connotation of a "sheltered place". After checking in we took a stroll into the centre of town.

After breakfast the next morning we realised it was our last full day in Ireland and that we had to make our way back to Dublin, where we had checked into the hotel for our last night.

We could not leave Ireland before having the Irish Whiskey Experience. As none of us were whiskey drinkers, we decided we would make a detour to Locke's Distillery Museum in Kilbeggan. Lockes whiskey is a premier Irish whiskey established in 1757 produced under the Locke family until 1954. Due to economic difficulties and lack of modernization, the distillery closed in 1957. In the 1980s, the community restored it as a museum. The museum highlights the history of Irish whiskey production, showcasing the original machinery including the working water wheel. We did a self-guided tour of the museum which was very interesting. Afterwards we were treated to complimentary whiskey tasting.

The next morning we returned our rental car and boarded our Aer Lingus flight back to London, taking with us so many special memories of this beautiful unspoilt country.




*Lynette Hazelhurst (3134)*

# Tel jou seëninge

Uit my jongelingsjare roep die musiek en liriek van die lied wat ons so lustig, uit volle bors gesing het my vanoggend op tot aandag:

*Tel jou seëninge, tel hul een vir een.*

'Seën' en 'seëning(e)' is woorde waarmee gelowiges grootword. Dit beteken in ons gemoedslewe 'blyke van die guns van God'.

As gewone mens, leek, noem ek hierdie blyke van seën 'gawe(s)', 'genadegawes' –
immer uit die hand van God.

Tegelyk is dit waarneembaar dat seën/inge nie eweredig verdeel is nie.
Dit laat die wenkbrou van die leek lig: Waarom? Waarom die diskrepansie van seën?

Hiermee begewe mens jou op die terrein van die onverklaarbare. Dit is ewe aan die verklaring van die oorsprong van die mens as wese, tewens, van alles op aarde en in die heelal.

Teorieë oor verskeidenheid, verskille, ongelykhede, diversiteit sal daar wel wees. Dink maar byvoorbeeld aan die Darwinistiese idee van die 'oorlewing van die sterkste'.

Jy kan jou redeneer tot blouwordens toe in die gesig, kunsmatige intelligensie aanwend om verklaringe te vind ... maar antwoord vind, betwyfel ek.

Natuurlik kan die teenvraag gevra word:
'Hoe vreemd sou die lewe, die mens, dinge daar uitgesien het as alles presies gedupliseer,
as 't ware gekloon was!';
waarom bestaan 'eendersheid'?

Kom ons bepaal ons liewer by seën/inge as sodanig.
Welke seën is dit nie dat jy ouers gehad het, dalk nog het, deur wie 'n nuwe lewe ontspring het.
Jy is gebore, is met liefde gevoed, versorg totdat jy dit self kon doen.
Jou ouers was jou tot seën en jy jou ouers tot seën.

Op sigself is nuwe lewe, voortplanting – van plant, dier en mens – een van die grootste wondere van die natuur. Dit is 'n gawe van God.

Wanneer ons in stilte oor onsself as mens peins, kan ons net verwonderd staan.
Is dit nie ongelooflik nie dat elke mens die nakomeling is van voorsate wat teruglei tot die heel eerste mense op aarde.

Niemand weet presies hoe lank die menslike voorgeskiedenis is nie, maar wel dat dit oor baie millennia strek.

Elke mens is 'n gawe. Die skepping van die geslagte, man en vrou, is 'n onontbeerlike seëning.
Hierdeur vind die soeke na 'n maat, 'n lewensmaat plaas, ontdek mense verinnerliking van
dieper gevoelens, 'die grootste van alles', die liefde.

Dit kom nie noodwendig in die lewe van elke mens voor nie, dog meestal vind man en vrou mekaar, vind gesinsvorming plaas, volg ouerskap/die geboorte van 'n volgende mensegeslag:
Seëning op seëning!

Liewe medemens, besef jy hoe werklik geseënd jy is om wat hier geskryf staan te kan lees?

## Tel jou seëninge (Vervolg)

Ek, om dit te kon skryf?

Dit is omdat ons bedeeld is met sig, gehoor, verstand; die vermoë om letters, woorde, taal te leer, te verstaan, te onthou, te vertolk.

Die bed, die kamer waarin ons slaap; die dak oor ons kop, ons huis; die kos wat ons eet, die water om te drink, mee te was, is pure seën.

Die mens as fisiologies-biologiese, psigososiale, eties-morele wese – gekenmerk deur weetgierigheid, die strewe na meer en beter, ambisie en vooruitgang, ewig gekleur met estetiek – is 'n skeppingswonder, 'n geskenk, 'n seën aan die aarde uit die Hoërhand.

Selfs te midde van droefheid en pyn, teleurstelling, mislukking, terugslae, wanhoop – waar ons miskien op moedverloor se vlak sit – voer ons gemoed ons na die breë stroom van al ons seëninge.

Dankbaarheid behoort die waarmerk van ons menswees te wees.

Mag ons in dié gesindheid leef.

*Stephanus van Wyk (3066)*

## SUDOKU

(Oplossing op bladsy 22)
(Solution on page 22)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | | | | | | | | 8 |
| | | 4 | | | 7 | | 2 | |
| 2 | | | 8 | | 3 | | 4 | |
| 6 | | 8 | 4 | | | | | |
| 7 | | | | 1 | | | | 9 |
| | | | | | 6 | 1 | | 4 |
| | 3 | | 6 | | 2 | | | 5 |
| | 9 | | 7 | | | 2 | | |
| 8 | | | | | | | | 1 |

*Lulu Fisher (3292)*

*Ons volgende Môremark vind plaas op* ***Saterdag 2 Mei 2026.***
*Die daaropvolgende Môremark vind plaas op* ***Saterdag 6 Junie 2026*****.**

*Indien jy belangstel om jou produk/te by enige van die Môremarkte uit te stal, kontak gerus vroegtydig vir* ***Hennie Ackermann*** *(voor die 26ste van die voorafgaande maand) om jou tafel te bespreek:*
***3225*** *(Interne telefoon)*
***082 891 6404*** *(Selfoon)*

***Per e-pos*** *by:*
*hackermann192@gmail.com*

*Die koste is as volg:*
***R120 vir 'n lang tafel (1.8 m x 0.9 m )***
***R60 vir 'n kort tafel (0.9 m x 0.9 m)***
*Indien die lang tafels vol bespreek is, plaas ons 2 kort tafels teen mekaar.*

## Word Search

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | A | A | N | V | A | L | D | H | E | R | C | B | X |
| H | W | K | U | Z | O | S | G | R | S | E | D | N | I |
| W | P | L | M | E | N | G | C | I | F | B | O | R | R |
| V | S | A | V | E | R | W | A | G | E | E | O | V | G |
| V | I | P | U | T | K | F | E | K | Z | L | N | E | R |
| M | V | N | D | M | L | R | C | J | U | L | T | S | O |
| W | Z | O | I | R | Y | U | E | K | P | E | P | T | M |
| Z | A | K | O | T | Y | O | V | U | M | E | L | R | M |
| Y | O | N | Y | R | I | F | E | B | N | R | O | U | G |
| M | W | L | D | X | G | A | V | F | R | H | F | I | L |
| J | L | U | W | E | R | E | T | I | E | A | F | K | Y |
| K | E | X | P | C | L | K | E | I | V | N | I | E | W |
| M | G | W | H | Y | J | I | W | Y | E | D | N | L | P |
| B | V | E | R | D | E | D | I | G | V | F | G | Z | P |

VERWAG
AANVAL
ONTPLOFFING
MENG
KLAP
STRUIKEL
REBELLEER
INITIATIEF
GROM
OEFEN
VOORGEE
DRYF
WANDEL
KREUN
GLY

*Lulu Fisher (3292)*

***Happy Birthday to all who celebrate their birthdays in May. Blessings from all of us.***

---

***Hartlike gelukwense aan elkeen wat in Meimaand gebore is. Seënwense van ons almal.***



**Meegevoel / Condolences**


It has come to our attention that some of our residents have lost a loved one during the past few weeks. We wish to offer our sincere condolences. May you find peace and consolation and experience God's presence every day.

*Ons het van die verlies van 'n geliefde van enkele inwoners gedurende die afgelope paar weke verneem. Ons betuig hiermee ons opregte meegevoel. Mag u berusting vind en ons Vader u troos en dra in hierdie besonder moeilike tyd.*

*Redaksie/Editors*

Voel asseblief welkom om
Dienie Guthrie (3072), Sybil Basson (1104) of Corrie Naudé (3053)
te kontak indien u graag 'n versoek vir
voorbidding aan die Gebedsgroep wil rig

## Die verhaal van "hoe ons moet vrug dra"



My verhaal begin seker 'n jaar of wat gelede. Iemand, dalk 'n kleinkind, het verseker 'n waatlemoenpit in my voortuin uitgespoeg – en net daar begin hierdie verhaal.


Ek het my voortuin uit sy ellende gehaal en 'n splinternuwe baadjie aangetrek – onkruid het maar 'n rol gespeel en die groot uittrek het begin tot ek dié besonderse plantjie sien en vermoed dit moet een of ander "pampoentjie" wees. So het dié plantjie begin rank en geel blomme gekry – maar steeds kon dit nie geïdentifiseer word nie, tot 'n vrug sy verskyning gemaak het. Die "pampoentjie" het heelwat debat uitgelok oor wat dit moontlik kan wees.


Tot op 'n dag … die pampoentjie begin sulke strepe kry en toe is die aap uit die mou – dis 'n waatlemoen!!


Nouja, dis waar die opskrif vandaan kom – ons verwag iets kleins en deur genade van bo word ons bo ons eie krag en verwagtinge so geseën.

Ons "stoepgroep" in Geelhoutstraat gaan die genadevurg die week sny en geniet!

*André Schoultz (3253)*





## Patroon van die lewe




Mens se lewe is soos een lang stuk wol. Al wat seker is, is 'n beginpunt en 'n eindpunt. Ons eerste stuk is pragtig gebrei deur ons geboorte. Dan kom daar met die kinderjare sekere steke wat val en verkeerd opgetel word. Ons word dan groot en die penne word in ons hande oorgegee.

Ek moet sê ek het self 'n paar lieflike patrone in my breistuk gevoeg, maar ook 'n hele klomp steke laat val en 'n klomp ordentlike foute gemaak. Soms wonder ek: sal dit nie beter wees as ek die wol knip om van al die koeke ontslae te raak nie? Maar 'n lewe kan nie gelas word nie.

Laat ek nou sê wat my breistuk my geleer het. Moet nooit ruk en pluk aan jou wol nie!! Dit maak alles erger!! Die Groot Meesterbreier hou daardie wol en koeke en die knope daar om jou te help om die patroon van jou lewe mooi in lyn te kry.

Hulle is daar om jou af te "slack" sodat jy weer jou patroonboek (Bybel) kan lees. Moenie ruk en pluk as jou wol in 'n bol getrek is nie. Gebruik geduld. Kyk na jou laaste paar rye breiwerk en benader daai knoop met 'n sagte hand en op die regte tyd behoort hy skiet te gee.

Dan net nog een stukkie raad – moet nooit jou breistuk met iemand anders s'n vergelyk nie. Jy sal nie weet wat jou patroon was voor jou laaste steek gebrei is nie. Dalk is jy 'n vrolike lappieskombers. Moet dan nie probeer om 'n angora serp te word nie. Hou vas aan jou patroon, soos Jesus vir jou beplan.

*Skrywer onbekend*
*Ingestuur deur*
*Lulu Fisher (3292)*

**HELPENDE HANDE**
**EN**
**GEMOEDSRUS-RITTE**

**Ek bied betroubare vervoer na:**

Dokters, hospitale, winkels, lughawens, of enige plek waar jy ookal wil wees.
*Kwotasie op aanvraag.*

**Ek doen ook klein huisherstelwerk:**

TV-opstellings, TV-probleme, vervang van ligtoestelle en gloeilampe, ophang van portrette en gordyne, installering van gordynrelings, herstel van slotte, herstel van glasskuifdeure, of enige ander handewerk.

Laat weet vir my hoe ek kan help.
Kontak Murray op **083 589 9142**

### A WORD TO OUR ADVERTISERS

Advertisements ensure the existence of a newspaper, a weekly or monthly. The Editorial Staff of our monthly newsletter, *Bronberg Brokkies and Snippets,* therefore really appreciates your support in this respect. We invite other businesses, private practitioners, especially those in our area, Bronberg, Olympus etc., to place your advertisements with us. In Bronberg Retirement Estate the monthly newsletter is read by more than 600 residents.

Please contact *Lulu Fisher* by e-mail: (*luluf@mweb.co.za*) for details regarding the various options and cost of advertising.

*Editor*

50+ Welcome

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

*Hello there,*

# I'M ESTELLE ERASMUS!

I'm a property practitioner specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Bronberg Retirement Estate.**

# LOOKING TO RENT A PROPERTY?

011 805 6316
WWW.CSI-EUF.CO.ZA



## 2 BED, 1 BATH APARTMENTS TO LET

FROM **R9700PM**

Stunning apartments with 2 comfortable bedrooms, 1 bathroom, a welcoming living area, and a well-equipped kitchen, designed for easy and relaxed everyday living.

### Features

- 2 Bedrooms
- 1 Bathroom
- Balcony/Garden
- Single Carport
- Cosy Living Area
- Spacious Kitchen

SCAN TO VIEW PROPERTY



## 1 BED, 1 BATH APARTMENTS TO LET

FROM **R9000PM**

Neat and cosy 1-bedroom apartments featuring a spacious bathroom, kitchen, comfortable living area, and one covered parking bay, all set within a secure and well-maintained environment.

### Features

- 1 Bedroom
- 1 Bathroom
- Single Carport
- Balcony/Garden
- Cosy Living Area
- Modern Kitchen

SCAN TO VIEW PROPERTY

*Why Choose*
## BRONBERG:
RETIREMENT ESTATE

- 24- Hour Frail Care
- Restaurant & Bar
- Hair & Beauty Salon
- Two Libraries
- x2 Swimming Pools
- Excellent Security
- Scenic Walking Trails



*Estelle Erasmus:* **060 015 9882**

# Die Staccatos vermaak Bronberg se inwoners



Bronberg se inwoners is op Donderdag 23 April teruggeneem na vergange dae toe *Die Staccatos* — Brian le Gassick en Steve Ashley — die verhoog betree het. *Die Staccatos* is in 1961 deur Brian le Gassick gestig toe hy nog 'n student was. Die groep het vroeg reeds 'n platekontrak met *RCA Victor* gekry en het in 1963 'n kompetisie gewen wat hulle die titel "*Beatles van Suid-Afrika*" besorg het.

*Die Staccatos* se grootste treffer was "*Cry to Me*", wat in 1968 opgeneem is en in 1969 vir 38 weke op die Springbok Radio Top 20 deurgebring het. Ander treffers van *Die Staccatos* was "*Come Back Silly Girl*" wat in Desember 1965 die tweede posisie op die *Springbok Hit Parade* bereik het en ook "*Butchers and Bakers*" wat selfs internasionaal vrygestel is.

Die groep is aanvanklik in 1999 ontbind, maar het in 2019 hulle terugkeer gemaak. Hulle het in 2021 'n nuwe album "*The Boys are Back*" vrygestel, onder leiding van hulle bestuurder, Ebeth Ashley.

Die atmosfeer in die eetsaal was lig en elkeen wat die vertoning bygewoon het, het die middag terdeë geniet. Dit was veral duidelik teen die einde toe ieder en elke gestaan het en saam op die maat van die musiek gewieg het en sommiges selfs op die plek gedans het.

Weereens dankie aan die sosiale komitee vir al die reëlings om die middag moontlik te maak en vir die heerlike toebroodjies, koffie en tee na die tyd.

*Lulu Fisher (3292)*






## Blokraai oplossing (van bladsy 5)

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 P | 2 Y | L | 3 S | T | 4 E | R | 5 T | M | 6 O | T | |
| 7 E | | U | | P | | R | | E | | K | | 8 I |
| N | | C | | A | | 9 M | O | S | | 10 A | K | S |
| T | | 11 A | K | N | E | E | | I | | P | | O |
| O | | T | | I | | L | | 12 S | K | I | | M |
| M | | A | | E | | 13 O | T | | | | | O |
| O | | N | | L | | | | 14 M | | 15 I | | T |
| G | | | | | 16 P | 17 R | I | E | E | L | | O |
| 18 R | E | 19 M | U | 20 S | | A | | L | | L | | R |
| A | | I | | T | | D | | L | | U | | I |
| A | | K | | O | | I | | I | | S | | E |
| F | | R | | M | | U | | E | | I | | S |
| | | O | | A | | 21 S | E | T | | E | | |

# Dinsdag 19 MEI '26
# 14:00 - Mandoliensaal



## Mobiele toepassings maklik gemaak vir jou / Mobile apps made easy for you


*Kom luister na*

***Zander Bronkhorst van Get Tech Smart***

*wat ons meer gaan vertel oor mobiele toepassings om jou lewe te vergemaklik. / Mobile apps to make life easier for you!*



***Gratis toegang***
***Free entrance***



# Bronberg Aftreelandgoed: Gesellige Worsbraai op 26 Maart 2026




Die Bronbergers het op Donderdag 26 Maart saamgekom vir 'n heerlike worsbraai.

Die geleentheid het weereens die sterk gemeenskapsgees en kameraadskap waarvoor Bronberg bekend is, beklemtoon.



Met die geur van braaivleis in die lug en 'n ontspanne atmosfeer, het die inwoners die geleentheid gebruik om te kuier, nuwe vriendskappe te smee en bestaande bande te versterk.



Die aand is gekenmerk deur goeie gesprekke, hartlike gelag en 'n gevoel van samehorigheid.

'n Spesiale woord van dank aan die Sosiale Komitee vir hulle reëlings en almal wat bygedra het om die aand 'n sukses te maak.



Dit is funksies soos hierdie wat ons Landgoed 'n ware tuiste maak.

Ons sien uit na die volgende geleentheid om as Bronbergers saam te kuier.

*Hester Pretorius (3180)*







# Gesellige Worsbraai op 26 Maart 2026 (Vervolg)

















# Brei 'n troospoppie: Patroon

*Gebruik deurgaans dieselfde 3,4, of dubbel brei-draad (in verskillende kleure) en wasbare stopsel.*


Stel 32 steke op.
Brei 6 rye koussteek vir skoene,
Brei 14 rye koussteek vir broek.
Brei 12 rye koussteek vir trui.
Brei 8 rye koussteek vir gesig.
Vir die hoedjie/hare — *Vorm punthoedjie soos volg:*
*Ry 1: R2, R2tes, R4, R2tes, R12, R2tes, R4 , R2tes, R2 (28 steke).*
*Ry 2 en elke alternatiewe ry aweregs.*
*Ry 3: (R4, R2tes)x4, R4 (24 steke).*
*Ry 5: R2, (R2tes, R4)x3, R2tes, R2 (20 steke).*
*Ry 7: R3, (R2tes, R2)x3, R2tes, R3 (16 steke).*
*Ry 9: R1, (R2tes, R2)x3, R2tes, R1 (12 steke).*
*Ry 11: R2, (R2tes)x4, R2 (8 steke).*
*Ry 13: (R2tes)x4 (4 steke).*

Knip draad af (ongeveer 25 cm lank). Ryg deur 4 steke, trek styf en heg goed af.

1. Werk 2 ogies en 'n mondjie op die middel van die gesigstrook.
2. Vou dubbel — regte kante op mekaar en werk agterste naat toe. Keer om.
3. Ryg 'n draad tussen gesig en trui.
4. Trek "nekdraad" nouer nadat kop en hoed opge-stop is. Stop res en werk onder toe.
5. Wissel voorkoms met hare, 'n tossel, serp, kruis-bande, knopies, ens. nadat arms en bene met stywe steke gevorm is (sien diagram).

Die poppie is ongeveer 15 cm lank.

*Bron: VLU Noord Omgeeprojek 2025*








***Voorbeelde gemaak deur Sarie Dannhauser (3285)***

# Comfort doll: Pattern

*Small quantities of different coloured wool; One pair of knitting needles – size appropriate for wool used; Tapestry needle and Toy filling .*
*Work in stocking stitch throughout.*
*Begin at the feet and knit a rectangle, changing yarn colour for each body segment. The head is stuffed and the neck formed by pulling in with a gathering thread. When the body is stuffed, sew closed the bottom. The arms and legs are defined by stitching through all layers after the doll is stuffed. The number of rows in each part of the doll can be increased or decreased depending on the individual design. Finished height of each doll is approximately 15 cm.*


Cast on 32 sts. in brown or black (or any colour really) for shoes,
Work 6 rows for feet (shoes).
Change yarn: Work 2 rows for socks (if you want).
Change yarn: Work 10/12 rows (plus 2 if you don't do socks) for trousers.
Change yarn: Work 12 rows for sweater.
Change yarn: Work 8 rows for face.
Change yarn: Work 13 rows for hat/hair as follows:
*Rows 1: K2, K2tog, K4, K2tog, K12, K2tog, K4, K2tog, K2 (28 sts).*
*Row 2 and each alternative row: Purl*
*Row 3: (K4, K2tog)x4, K4 (24 sts).*
*Row 5: K2, (K2tog, K4)x3, K2tog, K2 (20 sts).*
*Row 7: K3, (K2tog, K2)x3, K2tog, K3 (16 sts).*
*Row 9: K1, (K2tog, K2)x3, K2tog, K1 (12 sts).*
*Row 11: K2, (K2tog)x4, K2 (8 sts).*
*Row 13: (K2tog)x4 (4 sts).*

Cut wool about 25 cm from the knitting. Thread wool into a sewing needle and pass needle through remaining stitches. Slide off the knitting needle, pull up, and fasten.

*To finish*:

1. Embroider facial features (2 eyes, a nose and a mouth) as desired on centre of facial section.
2. Fold over (right sides together) and sew closed to form a centre back seam. Turn right side out.
3. Stuff head section.
4. Thread a single string of matching yarn through to form neck and secure ends.
5. Stuff lower (body) section and sew closed at the bottom.
6. With matching yarn, form arms with tiny stitches through all layers from waist to below the neckline. Form legs with stitches from ankles to a few rows below the waistline.

*Variations*:
This is the fun part! Make any changes you wish to the pattern.
You may knit stripes on the sweater or hat, or knit hair by using garter stitch in black or brown yarn, plain, fuzzy or boucle. You might add a belt, or suspenders, or add embroidery to the skirt, bows in the hair, or add a scarf.





## Mobility Aids for Bronberg Residents

Bert Knopjes (House 82), has a project to assist residents who need a wheelchair or walker for a shorter period of time.

These aids can be rented at a minimal cost and the income derived is used to repair equipment when necessary.


Wheelchairs R30/month or R10/week.
Walkers R10/month. Crutches R10/month.
Rental period: maximum 6 months.


Donations of mobility aids by people who are not using them any longer, will willingly be accepted, even if broken or incomplete.



**On Thursday mornings at 10:00, Doulien will collect items for charity at Reception. Items and wool may also be delivered at house 82 at any time.**

Daar is wol beskikbaar by Doulien (huis 82) en Vicki (huis 160) vir die vlytiges. Ons brei of hekel blokke vir komberse of hele kniekomberse, koningsblou of grys mussies, serpe en moffies (*mittens*) vir 'n laerskool, asook troospoppies vir die Faerieglen-tak van die CMR. Ons is ook op soek na vrywilligers wat kan help om die blokke aanmekaar te werk of te hekel vir kombersies. Baie dankie aan al die inwoners wat altyd bereid is om te brei en te hekel. Ons stal weer brei- en hekelwerk uit tydens die "brunch" op Saterdag, 13 Junie.





*Doulien Knopjes (3082)*






## FRANNA

- Ek bied basiese opleiding en inligting aan in rekenaargeletterdheid.
- Wiskundeklasse vir alle grade op skool.
- Vervoer na winkels, dokters, besighede en lughawe. Ek sal ook saam met u wag tot nadat aankope gedoen is en behulpsaam wees met pakkies.
- Ek doen ook basiese hersteldienste by u aan huis bv. portrette en gordyne opsit, lekkende krane en los skroefies en werkies.

Skakel. 0810698320




## MORNING MARKET

2 May / 2 Mei



## MÔREMARK

9:00








TEETUIN: Slegs kontant
TEAGARDEN: Cash only




## Sudoku Oplossing / Solution
(van bladsy 10 / from page 10)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 7 | 6 | 5 | 2 | 4 | 3 | 1 | 8 |
| 3 | 8 | 4 | 1 | 9 | 7 | 5 | 2 | 6 |
| 2 | 5 | 1 | 8 | 6 | 3 | 9 | 4 | 7 |
| 6 | 1 | 8 | 4 | 5 | 9 | 7 | 3 | 2 |
| 7 | 4 | 3 | 2 | 1 | 8 | 6 | 5 | 9 |
| 5 | 2 | 9 | 3 | 7 | 6 | 1 | 8 | 4 |
| 1 | 3 | 7 | 6 | 4 | 2 | 8 | 9 | 5 |
| 4 | 9 | 5 | 7 | 8 | 1 | 2 | 6 | 3 |
| 8 | 6 | 2 | 9 | 3 | 5 | 4 | 7 | 1 |

*Lulu Fisher (3292)*



## Môremark / Morning market
## Saterdag 2 Mei / Saturday 2 May
## @ 9:00

***Skenk asb. u wit olifante vir die Môremark. Klere, gordyne, ens. is ook welkom. Skenkings kan by die eetsaal afgegee word op Vrydag 1 Mei om 14:30.***

***Please donate items that you no longer use to the morning market. Clothes, curtains, etc. are also welcome. Donations can be delivered to the dining room from 14:30 on Friday 1 May.***

# Kom deel 'n maklike resep met ons lesers / Share an easy recipe with our readers

Deel jou getoetste resep met ons lesers — stuur jou resep (saam met 'n foto van die voltooide produk) per e-pos na luluf@mweb.co.za
/
Share your tested recipe with our readers — send your recipe (together with a photograph of the finished product) by e-mail to luluf@mweb.co.za

## Cappuccino Date Cake with Toffee Drizzle

**Ingredients for the Cake:**

- 150 g Pitted dates, chopped into small pieces
- 240 ml Hot strong coffee (1-2 heaped teaspoons coffee powder)
- 1 Teaspoon bicarbonate of soda
- 190 g All-purpose flour
- ½ Teaspoon baking powder
- ½ Teaspoon salt
- 115 g Butter, softened
- 150 g Light brown sugar
- 2 X-large eggs
- 1 Teaspoon vanilla extract
- 120 ml Sour cream (or Greek Yoghurt)



**Ingredients for the Toffee Drizzle:**

- 100 g Light brown sugar
- 60 ml Cream
- 45 g Butter
- ½ Teaspoon vanilla extract
- Pinch of salt

**Method:**

1. Preheat oven to 175°C and grease a 20cm round cake pan.
2. Combine bicarbonate of soda, chopped dates and hot coffee—soak until soft (10—20 minutes).
3. Whisk together flour, baking powder and salt.
4. Cream softened butter and brown sugar until light and fluffy. Add eggs one at a time, beating well after each addition, then stir in vanilla extract.
5. Fold the soaked dates mixture into the batter.
6. Fold in the dry ingredients, alternating with the sour cream, until just combined.
7. Pour the batter into the prepared pan and smooth the top. Bake for 40 to 50 minutes, until a toothpick inserted in the centre comes out clean.
8. Allow the cake to cool in the pan for 10 minutes before transferring to a wire rack.
9. For the Drizzle: Combine brown sugar, cream and butter and cook over medium heat—stirring constantly—until sugar dissolves and mixture thickens slightly (about 4—5 minutes. Remove from heat and stir in vanilla and the salt.
10. Drizzle warm toffee over the cooled cake before serving.

*Source: Facebook [Simply Delicious Recipes] - slightly altered*
*Sent in by*
*Lulu Fisher (3292)*

**Koördineerder / Coordinator:**

Alan Snyman (1339)
E-pos / E-mail:
alansnyman459@gmail.com

**Redakteur / Editor:**

Philip Jacobs (3308)
E-pos / E-mail:
ghaitshi@gmail.com

**Engelse taalversorging / Editor English:**

Steph McFarlane (3140)
E-pos / E-mail:
lawrie.steph@gmail.com

**Samestelling en Uitleg / Compilation and Layout:**

Lulu Fisher (3292)
E-pos / E-mail:
luluf@mweb.co.za

**Medewerkers / Co-workers:**

Maretha van Heerden (3136)
E-pos / E-mail:
maretho.mvh@gmail.com

Jan Beukes (3316)
janharm45@gmail.com

Alle artikels vir die volgende nuusbrief moet, verkieslik, op die laatste teen die 18de dag van die voorafgaande maand by die Redakteur ingehandig word, om te verseker dat dit betyds nagegaan/gekeur en verwerk kan word.

---

In order to check/ approve and process articles in time for the next newsletter, it should, preferably, be submitted to the Editor by no later than the 18th day of the preceding month.

# Weeklikse Aktiwiteite / Weekly Activities

| Dag / Day | Vroegoggend / Early Morning | Midoggend / Mid-Morning | Namiddag / Afternoon |
|---|---|---|---|
| Sondag / Sunday | 9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Maandag / Monday | 9:00 Lyndansklas In Mandoliensaal / Line dancing class In Mandolin Hall (Beginners) | 10:30 Pilatesoefeninge in die Mandolien-saal / Pilates Exercises in the Mandolin hall | 14:00 *4 & 18 Mei* Bybelstudie in Mandoliensaal / Bible study in Mandolin Hall<br><br>16:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall |
| Dinsdag / Tuesday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall | 10:00 Bybelstudie in Mandoliensaal | 14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry<br><br>14:00 *19 Mei* Maatskaplike werker praatjie In Mandolien-saal / Social Worker talk In Mandolin hall |
| Woensdag / Wednesday | 9:00 Bussie na Woodlands Inkopiesentrum / Bus to Woodlands Mall<br><br>9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Donderdag / Thursday | 8:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall | 10:30 Lyndansklas (gevorderd) in Mandoliensaal / Line dancing class (advanced) in Mandolin hall | 13:30 Handwerkgroep by Biblioteek / Handwork Group at Library<br><br>14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry |
| Vrydag / Friday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall<br><br>09:00 Bussie na Olympus Checkers / Bus to Olympus Checkers | | 14:30 Bingo in dining room |